

# Die sondeval



## SABBATMIDDAG

### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Genesis 3, 2 Korinthiërs 11:3, Openbaring 12:7-9, Johannes 8:44, Romeine 16:20, Hebreërs 2:14, asook 1 Timotheus 2:14 en 15.*

**Geheeteks:** “Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt” (*Genesis 3:15, NAB*).

**T**esame met al die gawes wat God ons stamouers in Eden geskenk het, het ook ’n waarskuwing gekom: “Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (*Gen. 2:16 en 17, OAB*). Hierdie verbod op die eet van die boom van die kennis van goed en kwaad (*Gen. 2:16, 17*) toon iets belangriks: hoewel hulle die goeie moes ken, moes hulle nie kennis van die kwaad hê nie.

Dis tog te verstane, nie waar nie?

En ook, die doodstraf verbonde aan die waarskuwing oor ongehoorsaamheid (*Gen. 2:17*). Die oomblik dat hulle ongehoorsaam is, sou dit in werking tree: die dood (*Gen. 3:19*). So, daar was nie net dié verbod op die eet van hierdie boom nie, maar ook hul uiteindelijke verdrywing uit Eden (*Gen. 3:24*), en dus geen toegang tot dit wat aan hulle die ewige lewe as sondaars sou gee nie (*Gen. 3:22*).

Te midde van dié tragedie is daar nietemin hoop en dit staan in Genesis 3:15. Dit is die sogenaamde *proto-evangelium* (oftewel die “voorloper-evangelie”). Hierdie teksvers is inderdaad die heel eerste evangeliebelofte in die Bybel, die eerste keer dat God aan die mens sê dat Hy, ten spyte van die sondeval, vir ons almal ’n uitkoms beplan het.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 April.*

## Die slang

**Lees** Genesis 3:1, 2 Korintiërs 11:3 en Openbaring 12:7-9. Wie is die slang, en hoe mislei hy vir Eva?

---



---



---

Die teksvers (met bepaalde verwysing na die NAB) begin met die naamwoordstuk “die slang.” Let op die posisie van dié sinsdeel: die woord “slang” staan heel eerste in die sin. Die ander deel van die naamwoordstuk is die bepaalde lidwoord, “die slang,” wat aandui dat dit ’n bekende bybelkarakter is, en impliseer dat die leser behoort te weet wie hy is. So, met die heel eerste woord van dié hoofstuk word die bestaan van hierdie wese bevestig; hy is inderdaad ’n werklikheid.

Die Skrif identifiseer hom natuurlik as die vyand van God (*Jes. 27:1*) en noem die slang pertinent die “duiwel en Satan” (*Op. 12:9, OAB*). ’n Mens sien ook dat die slang die vergestaltung van die mag van die bose in die Ou Nabye Ooste was.

“Satan wou sy planne ongesiens uitvoer en daarom het hy die slang as sy instrument gebruik – ’n vermomming wat goed by sy doelwit gepas het, naamlik om andere te mislei. In daardie stadium was die slang een van die wysste en mooiste diere op aarde. Hy het vlerke gehad. Terwyl die slang gevlieg het, het sy skubbe skouspelagtig geglinster in die son, stralend soos gepoleerde goud” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 53).

Wanneer die Bybel van die duiwel praat is dit geensins metafoeries nie, ongeag die gedaante wat hy aanneem. In die Skrif is Satan ’n letterlike wese en nie ’n literêre simbool of ’n abstrakte beginsel ter versinnebeelding van die bose of die mensdom se donker kant nie.

Die slang doen hom natuurlik nie voor as die vyand van God nie. Intendeel, hy haal sommer die Here aan. Hy herhaal bepaalde dinge wat God gesê het en beaam dit oënskynlik. ’n Mens sien dit ook van meet af aan in Genesis 3: Satan is lief daarvoor om die Here aan te haal, en soos dit later in die Bybel ook duidelik word, om selfs die Ou Testament aan te haal (*Matt. 4:6*).

Let ook op die feit dat die slang nie dadelik met die vrou begin argumenteer nie. Nee, hy vra eers ’n vraag wat dit laat voorkom asof hy glo in die dinge wat God aan Adam-hulle gesê het. Kyk hoe stel hy dit, alles wel beskou: “‘Het God werklik gesê...’” (*Gen. 3:1, NKJV*)? Met die intrapslag sien ’n mens hoe listig en onderduims hy was. Dié slinkse set het inderdaad ook gewerk, soos ons aanstons sal sien.

**As Satan dan in staat was om ’n sondelose Eva in Eden te mislei, hoeveel te meer ons wat sondig is? Wat is die beste verweer teen sy misleidings?**

---

## Die verbode vrug

**Lees** Genesis 2:16 en 17, asook hfst. 3:1-6 (lees ook Joh. 8:44). Vergelyk God se gebod aan Adam met die slang se woorde aan Eva. Hoe verskil die twee van mekaar, en wat beteken daardie verskille?

---

---

---

Let op die ooreenkomste tussen God se gesprek met Adam (*Gen. 2:16, 17*) en Eva s'n met die slang. Dit is asof die slang mooitjies God se plek wil inneem, en kwansuis beter as die Here wil weet. Eers stel hy bloot 'n vraag, waarmee hy impliseer dat Eva dalk God verkeerd verstaan het. Daarna bevraagteken hy openlik God se bedoeling met die verbod, en gaan uiteindelik die Here teë.

Satan se aanval op God en sy verbod het met twee dinge te make: die dood, en die kennis van goed en kwaad. Hoewel God dit onomwonde stel en pertinent sê dat hul dood gewis sal wees indien hulle oortree (*Gen. 2:17*), sê Satan presies die teenoorgestelde, dat hulle nie sal doodgaan nie, waarmee hy so te sê impliseer dat die mens onsterflik is (*Gen. 3:4*). Terwyl die Here Adam verbied het om van die vrugte te eet (*Gen. 2:17*) het Satan die paartjie aangemoedig om juis daarvan te eet omdat dit hulle kwansuis soos God sou maak (*Gen. 3:5*).

Met Satan se dubbele argument – dat Eva onsterflik en soos God sou wees – het hy die vrou oortuig om van die verbode vrugte te eet. Hierdie wending stem 'n mens onrustig: sodra Eva besluit om ongehoorsaam aan God te wees en van die vrugte te eet, tree sy skielik op asof God nie daar is nie, asof sy die Here se plek ingeneem het. Die bybelvers sinspeel ook op hierdie wending in Eva. Haar woordkeuse toe sy die verbode vrug beoordeel, is soortgelyk aan dié van die Here: sy het gesien “dat die boom goed was...” (*Gen. 3:6, OAB*). Dit klink baie soos God se beoordeling van sy skepping: “Toe sien God dat” ’n bepaalde ding “goed was” (*Gen. 1:4, e.s.m.*).

Hierdie twee versoekings – om onsterflik en soos God te wil wees – is waar die idee van onsterflikheid in antieke Egipte en die Griekse godsdienste posgevat het. Die begeerte om vir ewig te lewe het die mense van ouds as 'n goddelike eienskap beskou. Dit het hulle genoop om goddelikheid na te streef, in 'n poging om onsterflikheid te bekom. Hierdie manier van dink het die Joods-Christelike kulture ongesiens binnegedring, en het aanleiding gegee tot die oortuiging dat die siel onsterflik is, wat 'n mens nou nog in vele kerkgenootskappe en hul leerstellings vind.

**Dink aan al die oortuigings daarbuite in die wêreld wat basies sê dat 'n deeltjie van die mens onsterflik is. Hoe is die Bybelse leer oor die samestelling van die mens asook die toestand van die dode, 'n kragtige teenmiddel teen die gevare van dié soort misleiding?**

## Om weg te kruip vir God

**Lees** Genesis 3:7-13. Waarom het Adam en Eva gevoel dat hulle vir God moes wegkruip? Waarom het die Here vir Adam gevra: “Waar is jy?” Hoe het Adam en Eva hul gedrag probeer verskoon?

---



---



---

Na Adam en Eva gesondig het, het die paartjie naak gevoel omdat hulle die heerlikheid waarmee hulle bekleed was verloor het. Hierdie heerlikheid het God se teenwoordigheid weerkaats (*lees Ps. 8:6, vgl. Ps. 104:1 en 2*). Die beeld van God is deur sonde aangetas. Die werkwoord “om te maak” in die frase, “hulle het vyeblare aanmeakaargewerk en vir hulle skorte gemaak” (*Gen. 3:7, OAB, klem verskaf*), is tot dusver slegs met betrekking tot die Skepper God gebruik (*Gen. 1:7, 16, 25, e.s.m.*). Dit is asof hulle die Skepper wou vervang met hierdie menslike poging om hul sonde weg te steek, ’n handeling wat Paulus in die Nuwe Testament skerp as regverdiging deur werke veroordeel (*Gal. 2:16*).

Toe die Here nader kom, vra Hy die retoriese vraag “Waar is jy?” (*Gen. 3:9, NAB, OAB & NLV*), dieselfde tipe vraag wat Hy later aan Kain stel (*Gen. 4:9*). Die Here ken natuurlik die antwoord op dié vrae. Hy vra dit eintlik maar ter wille van die skuldige partye, om hulle tot ’n sondebeseft te bring, maar ook om hulle op die weg na bekering en verlossing te bring. Die oomblik toe die mens gesondig het, was die Here reeds besig om hul verlossing en bevryding te bewerkstellig.

Om die waarheid te sê, dié hele scenario in Genesis 3 weerspieël die gedagte aan die ondersoekende oordeel, wat begin by die regter wat die skuldige verhoor (*Gen. 3:9*) ten einde hom of haar voor te berei op die vonnis (*Gen. 3:14-19*). Nietemin doen Hy dit ook om die skuldige party tot bekering te bring, wat uiteindelik tot verlossing lei (*Gen. 3:15*). Hierdie patroon word deurgaans herhaal in die Bybel.

Eers probeer Adam en Eva die aanklag vermy deur die blaam op ’n ander te laai, soos sondaars maar geneig is om te doen. Adam beantwoord die Here se vraag deur die vinger na die vrou te wys wat God vir hom gemaak het (*Gen. 3:12*) – sý het my dit laat doen. Dit was haar skuld (en by implikasie ook God s’n), nie syne nie.

Eva pak die skuld op die slang wat haar mislei het. Let op *Gen. 3:13*. Die Hebreuse werkwoord *nasha’* (“om te mislei”) beteken om iemand vals hoop te gee en te laat glo dat hy/sy die regte ding doen (*2 Kon. 19:10, Jes. 37:10 en Jer. 49:16*).

Adam blameer die vrou omdat sy vir hom van die vrugte gegee het om te eet (wat gedeeltelik waar is), en Eva blameer die slang met die verweer dat hy haar om die bos gelei het (wat ook gedeeltelik waar is). Uiteindelik was albei egter skuldig.

**Om die blaam op ’n ander te plaas, terwyl jy self skuldig is – waarom is dit so maklik vir die moderne gelowige om in dieselfde strik te trap?**

## Die slang se straf

“Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt” (*Gen. 3:15, NIV*).

**Wat** sê God aan die slang hier, en watter hoop gee dit ons by implikasie?

---

---

God begin sy oordeel by die slang omdat hy die een was wat aanleiding tot die sondeval gegee het. Die slang is boonop ook die enigste een wat in hierdie vertelling vervloek word.

Hier bereik ons ’n soort “ommekeer” van die skepping. Terwyl die skepping lewe voortbring, [en daarmee saam] seëninge en ’n waardering vir die goeie, lei die oordeel tot die dood, boosheid en vervloeking – en tog ook hoop en die belofte van verlossing. As deel van hierdie sombere tafereel van die vermorselde slang wat in die stof van die aarde seil (*Gen. 3:14*) het Adam-hulle die hoop dat die mensdom verlos gaan word, wat hier in die vorm van ’n profesie weergegee word. Selfs voor die onderskeie veroordelings van Adam en Eva, wat inderdaad op hulle gewag het, skenk God aan Adam-hulle die bevrydingshoop (*Gen. 3:15*). Ja, hulle het gesondig; ja, hulle gaan swaarkry vanweë daardie sonde beleef; en, ja, hulle gaan gevolglik ook te sterwe kom. Ten spyte van al dié seerkry, is daar nietemin die groot hoop, die hoop op verlossing.

**Vergelyk** Genesis 3:15 met Romeine 16:20, Hebreërs 2:14 en Openbaring 12:17. Hoe bring hierdie teksverse die verlossingsplan asook die groot stryd na die fore?

---

Let op die ooreenkomste tussen Genesis 3:15 en Openbaring 12:17: die draak (die slang), vertoorn (vyandskap); saad (nakomelinge); asook die vrou in Eden (Eva) en die vrou in Openbaring 12:17. Die “oorlog” (die groot stryd) wat met die sondeval na Eden verskuif het sal tot aan die einde van tyd voortduur. Die belofte oor Satan se nederlaag is egter reeds in Eden gegee, met sy kop wat vermorsel gaan word; ’n tema wat meer beduidend in Openbaring genoem word, waar sy uiteindelijke ondergang uitgebeeld word (*Op. 20:10*). Dit wil sê: van meet af aan ontvang ons die hoop op ’n uitkoms uit die groot gemors waarin die kennis van die kwaad ons gedompel het, ’n hoop wat die ganse mensdom nou reeds kan koester.

**Waarom is dit so vertroostend om te sien dat God in Eden van alle plekke, daar waar sonde en boosheid op aarde begin het, die verlossingsplan begin openbaar?**

## Die lot van die mens

**Lees** Genesis 3:15-24. Wat het met Adam en Eva as gevolg van die sondeval gebeur?

---

---

---

Hoewel God se oordeel oor die slang pertinent 'n vervloeking genoem word (*Gen. 3:14*) is sy oordele oor die vrou en die man nie een nie. Die enigste keer dat 'n mens dit wel weer teëkom is wanneer “die aarde” (*Gen. 3:17, OAB*) vervloek word. Met ander woorde: God het 'n ander plan met die man en die vrou, as wat Hy met die slang het. Hulle ontvang 'n hoop wat hy (die slang) nie beskore is nie.

Die vrou se sonde het te make met die feit dat sy haar met die slang se praatjies besig gehou het. Derhalwe sien 'n mens 'n verwantskap tussen die vers waarin God sy oordele oor haar en oor die slang uitspreek. Benewens die feit dat Genesis 3:16 direk op Genesis 3:15 volg, is daar bepaalde ooreenkomste tussen die twee profesieë wat duidelik toon dat die een oor die vrou in Genesis 3:16, tesame met die Messiaanse profesie in vers 15, gelees behoort te word. God se oordele oor die vrou, insluitende die verwysing na kinders baar, behoort dus in 'n positiewe lig – in dié van die verlossingsplan – beskou te word (*vgl. 1 Tim. 2:14 en 15*).

Die man se sonde het te make met die feit dat hy na die vrou i.p.v. die Here geluister het. Derhalwe word die grond waaruit die man gevorm is vervloek (*Gen. 3:17*). Gevolglik sal die man hard moet werk om sy brood te verdien (*Gen. 3:17-19*). Hy sal ook “terugkeer” na daardie grond waaruit hy gevorm is (*Gen. 3:19*), iets was nooit moes gebeur nie, en wat nooit deel van die oorspronklike Godsplan was nie.

Noemenswaardig is die feit dat Adam, te midde van dié hopelose vooruitsig van die dood, hom na die vrou keer, waar hy in haar wat kinders baar lewenshoop vind (*Gen. 3:20*). Met ander woorde: te midde van 'n doodsvonnis vind hy die hoop op die voortbring van lewe.

Tog is God soos enige liedervolle ouer, wat slegs die goeie vir Adam-hulle wou hê en nie die kwaad nie. Noudat hulle egter die kwaad ken gaan Hy alles in sy vermoë doen om hulle daarvan te red. Dit was dus nie, ten spyte van al dié oordele, 'n hopelose saak vir ons stamouers nie, selfs al was hulle die Here so openlik en blattant ongehoorsaam; ongehoorsaam, ten spyte van die feit dat hulle (wat letterlik in die paradys gewoon het!) geen rede gehad het om God te wantrou nie, om sy woorde in twyfel te trek, of oor sy liefde vir hulle te wonder nie.

**'n Mens is geneig om te dink dat “kennis” opsigself goed is. Waarom is dit nie altyd die geval nie? Watter dinge behoort 'n mens eerder nie te weet nie?**

**Vir verdere studie:** Let op die verband tussen “die boom van die lewe” en “die boom van die kennis goed en kwaad.” Die Bybel sinspeel reeds op hierdie verband waar dit sê dat beide “in die middel van die tuin” gestaan het (*Gen. 2:9*). Tog is daar veel meer aan hierdie bome as net hul ligging in die tuin. Dit is as gevolg van die feit dat die mens van die vrugte van die boom van kennis goed en kwaad geëet het, m.a.w. die feit dat hulle aan God gehoorsaam was, dat hulle toegang tot die boom van die lewe verloor het en nie (wel ten minste nie as sondige wesens) vir ewig kon leef nie. Hierdie verwantskap tussen die twee bome onderstreep ’n diepgaande beginsels: keuses betreffende sedelikheid en geestelikheid het ’n uitwerking op die biologiese lewe. Dit herinner aan Salomo se onderwysing aan sy seun: “My seun, moenie vergeet wat ek jou geleer het nie. Hou vas aan my opdragte. Dit sal jou lank laat lewe en jou ’n voorspoedige lewe gee” (*Spr. 3:1 en 2, NLV*). Hierdie verband maak weer sy opwagting in die toekomstige, hemelse Jerusalem. Dié keer is dit net die boom van die lewe, wat “in die middel van sy straat en weerskante van die rivier” staan (*Op. 22:2, OAB, klem verskaf*).

“Toe God vir Eva geskape het, het Hy nie ten doel gehad dat sy haar man se meerdere of mindere moes wees nie, maar dat sy in elke opsig sy gelyke moes wees. Die heilige paartjie moes geen belange apart van mekaar hê nie. Tog het elkeen in denke en optrede ’n individualiteit weerspieël. Na Eva gesondig het – ongehoorsaamheid waarin sy die voortou geneem het – het die Here vir haar gesê dat Adam voortaan oor haar sal heers. Sy moes onderdanig aan haar man wees, en dit was deel van die sondevloek. In baie gevalle het dié deel van die sondevloek die vrou ’n sware en pynlike lot besorg. Die hoofskap wat God aan die man gegee het, het hy in baie opsigte misbruik deur sy mag op ’n arbitrêre wyse te laat geld. In God se alwysheid het hy egter ’n verlossingsplan geformuleer – hy plaas die mensdom op ’n tweede proeftydperk deur ons nog ’n toets te gee” -Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, deel 3, bl. 484.

## Vrae vir bespreking:

**1** Die Here konfronteer Adam in Eden en vra hom ’n reeks vrae, nie net om sy skuld vas te stel nie, maar ook om hom tot bekering te bring. Hierdie patroon herhaal sigself in Kain (*Gen. 4:9, 10*), in die sondvloed (*Gen. 6:5-8*), by die toring van Babel (*Gen. 11:5*), en in Sodom en Gomorra (*Gen. 18:21*). Hoe weerspieël hierdie onderskeie gebeurtenisse die idee van ’n ondersoekende oordeel?

**2** Waarom het Eva gedink dat die eet van die vrugte van die boom van kennis goed en kwaad haar wysheid sou skenk? Hoe kan ons, as Christene in hierdie tydvak waarin ons leef, teen dieselfde denkfout waak. Dit wil sê: hoe kan ons daarteen waak om die Woord van God willens en wetens teë te gaan, en dit in die hoop op ’n “beter” lewe as die een wat God ons bied?